

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Die wonder van God se Vrede!

**Skriflesing:**

Joh 14:15-31

**Teksvers:**

Joh 14:27

**Sing:**

Ps 111-2:1-4

Sb 12-3:1-4

Lied 190:1,2

Ps 122-1:1,2

Lied 354:1

Sb 13-2

Vrede is 'n baie gelade woord in die Bybel. Dit beteken baie meer as die afwesigheid van onmin, bakleiery of oorlog. Trouens hierdie vrede in ons Skrifgedeelte kom van Jesus Christus af. Jesus het dit aan ons gegee as 'n geskenk, as 'n gratis geskenk aan ons.

Daarom gaan ons na drie sake kyk:

- Vrede laat Christus vir ons na.
- Vrede gee Christus aan ons.
- Vrede van Christus is besonders.

Prediker: Ds Gerrit Kruger

**SONDAGAAND 18:00**

## Die troon van God is ewig

**Skriflesing:**

Hebreërs 1:1-14

**Teksvers:**

Hebreërs 1:8-9

**Sing:**

Ps 48:1, 4

Ps 2:1, 4, 6

Ps 20:1, 5, 6, 7, 9

Sb 13-2

Die Hebreërbrief beskryf aan ons die uitnemendheid van ons Verlosser en Koning, Jesus Christus. Vir die volgende klompie weke sal ons hierop fokus met ons aandag op hoe Jesus groter of meer uitnemend is as die engele, as Abraham, as Moses, as Josua.

Jesus Christus is 'n ewige Koning en sy troon is 'n ewige troon. Hoe lyk sy Koningskap en regering oor jou lewe?

Prediker: Ds Lourens Venter

# KOMMUNIKATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 46 Nr 41 28 November 2021

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## 'n A-normale jaar snel ten einde

Psalm 139:1-24

'n Jaar vol van trauma en onvrede en a-normale sake snel ten einde. 'n Jaar wat weereens nie normaal kon begin en verloop nie. 'n Jaar waarin ons weereens nie as gemeente elke Sondag bymekaar kon kom nie. 'n Jaar wat ons aste ware, dag vir dag moes leef. En tog is God altyd in beheer. Niks het gebeur wat God nie van geweet of toegelaat het nie. God was nie net in beheer nie, maar God het ook geweet, toegelaat en bepaal wat met elkeen van ons gaan gebeur. So het God ons steeds van alle kante omsluit. Juis in Psalm 139 leer ons van hoe God ons van alle kante omsluit en ken.

Hy is:

- Alwetend Ps 139:1-6
- Alomteenwoordig Ps 139:7-12
- Skeppingsmagtig Ps 139:13-18
- God laat nie met Hom spot nie Ps 139:19-22
- 'n Bede vir leiding van God. Ps 139:23-24

Ons kan so maklik dink dat God ons vergeet het. Of ons kan wonder hoekom dinge so snaaks en skeef en a-normaal verloop. En tog moet ons nooit vergeet dat God van ewigheid tot ewigheid nie net daar is nie, maar alles weet en Hom elke dag met ons bemoei. Inteendeel Hy het ons so lief dat Hy sy eie Seun Jesus Christus gestuur het om vir ons sondes te sterf. Juis dit het ons gedra. Want ook in 2021 was, is en sal God elke dag by ons wees. Ons moet nie vra, hoekom het dinge so of so verloop nie, ons moet eerder vra en bid dat God ons op die regte pad sal hou. Want dit is ons hele lewe, dat God ons deur Jesus Christus se soenverdienste, onder leiding van die Heilige Gees sal lei en bewaar. Die doel is ook nie vir ons om ons normale lewe te lei wat ons dink normaal is nie, maar dat ons werklik altyd tot Sy eer en verheerliking sal lewe. Want die doel van ons lewe is om God te eer en te verheerlik. Dit doen ons deur **DIE GROOT GEBOD** van liefde vir God en ons naaste en **DIE GROOT OPDRAG**, om die evangelie van God uit te dra. Mag daarom almal wat werklik erns maak met hulle Christenskap die bede bly bid tot eer van God en tot versterking en behoud van ons elkeen:

**Psalm 139:23,24**

<sup>23</sup> "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak.

<sup>24</sup> Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"

Ds. Gerrit Kruger

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00  
Engelse Diens: 11:00  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00  
Kantoorure: **Ma-Do** 09:00 - 14:00



Meer as oorwinnaars!

Telefoon: **060 696 7373**

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226  
Lyttelton  
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855  
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595  
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za).

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad [gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za) of ons internetskakel [stroom.gkcenturion.co.za](http://stroom.gkcenturion.co.za)

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com).

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Christelike Onderwys



**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

## Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

### **Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton  
Takkode: 632005  
Rek no: 600 340 409

### **Insetalings vir die Diaconie:**

Rek Naam: Diaconie Gereformeerde Kerk  
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton  
Takkode: 632005  
Rek no: 600 280 589

### **Insetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton  
Takkode: 632005  
Rek no: 600 340 417

## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

## Die Sending van Jesus

Ons kyk na video's van Ray Vander Laan

**Ons begin weer op 1 Februarie 2022**

**Plek:** GK Centurion Kerkzaal  
Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd:** Elke Dinsdagaand om 19:00 (vir ses weke)

**Koste:** Gratis

**Aanbieder:** Ds Maarten van Helden

**Navrae:** Hein Kaiser 082 772 7718/Kerkkantoor 060 696 7373

**Almal welkom**

## 2021 Geloftefees in Centurion

**Plek:** GK Centurion (voorheen by  
Rooihuiskraalterrein)

**Aanvangstyd:** 16 Des om 09h30

**Geloftediens:** ds. Gideon du Toit

**Feesrede:** Die Gelofte: Gister en Vandag -  
Christo Rabie

Die verrigtinge sal ook gestroom word op  
[stroom.gkcenturion.co.za](http://stroom.gkcenturion.co.za)

Bring en Braai na die tyd! Vuur en braaiers  
sal voorsien word.

### **Kontakpersone:**

Charl vd Bergh - 072 698 7956  
Paul Retief - 082 562 9845

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens,  
skink en opruim na die erediens is in die  
kombuis opgeplak.

### **28-November**

C09 Marique le Roux  
B13 Annelette Gentle  
A10 Louise Van Niekerk

### **5 Desember 2021**

C08 Marietjie Smit  
B12 Cora Badenhorst  
A09 Zanie Kruger

Ek het die Here lief, want  
Hy luister na my stem,  
my smeekgebed...

Psalm 116:1

## G T A Tieners

Boskoppdam – Seilnaweek

3-5 Desember 2021  
by Boskoppdam



**Van der Walt huisonderhoud**—Vir enige herstel-, verf-, teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefstal; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. Tel 082 927 7324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel, Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Web: tauwi.co.za. Aanlyn of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

**Algemene administrasie en diktafoontikwerk gesoek**—U kan 'n MP3 en MP4 lêer aan my e-pos vir vinnige diens. Tillie Kloppers 082 753 0525.

**Pastorale Berading** kontak Esther du Plessis by 071 868 2257.

**Heerlike vrugtekoekes**. Klaar gebrandewyn, ± 1,3kg. Beskikbaar 15 Des. Charvette Reesink 0823194172.

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949

Rudy Kruger 082 466 6035

Petra Swanepoel 082 927 7324

Theuns Louw 082 815 4275



## Crossroads Prison Ministries

Nuwe mentors moet asseblief 'n punt daarvan maak om hulle vorms te laat voltooi en in te handig sodat ons kan reël vir opleiding en julle lesse kan begin nagaan.

Ons is op soek na iemand wat een keer per maand na Leeukop gevangenis kan ry om lesse te gaan haal en af te laai.

Kontak asb Marlou van den Berg  
082 412 4313

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasie reg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

**Daar is geen versorgings fasiliteite nie**—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit : 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet- en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Jan 2022. Die rigprys is R830 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid is 108vkm en die maandelikse heffing is R1 425 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhef aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 20 Des 2021**

## Ons gee om vir Mekaar

“...die Here sal my onder sy sorg neem.” Ps 27:10

- Theo Westervelt ondergaan 30 Nov 'n knieervangingsoperasie (A2—664 4715).
- Andre Celliers is weer in hospitaal (A14—660 0952).
- Nicolene van Dyk het 'n draai in die hospitaal gemaak (B16—083 953 3934).
- **Meelewing**—Nicolene Jonker en Lida Lochner se pa en ma van Kroonstad het kanker en is baie siek

*Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra*

## VAKANSIE OUIERS GESOEK: PRESIDENT KRUGERKINDERHUIS PRETORIA

Indien gemeentedelede sou belangstel om 'n kind vir 'n kort tydperk in die vakansie of selfs vir die hele Desember-vakansie uit te neem kontak Annatjie Vorster (012) 332 1366/7 vir verdere navrae.

## Verjaarsdae

### Belydende lidmate

28-Nov	Henco	Snyman	B10	27782911999
	Gerrie	vd Bijl	A12	27833883308
	Melindie	Wait	A13	27797806587
29-Nov	Stephan	Bester	C05	27725772594
	Kobus	v Niekerk	C06	27832699113
30-Nov	Juanette	Johnston	B01	27833767149
	Kobus	Joubert	A01	27798738219
1 Des	Douw	Breed	A01	27828490456
	Marius	Gerber	C14	27823272949
2 Des	Marco	Ellis	A12	27740843102
	Jaco	Gerber	C13	27849210430
	Janita	Stolk	B05	27832384918
	Adrian	v Antwerpen	A08	6622519
	Stephanie	v Jaarsveld	B03	27846036773
3 Des	Kotie	Kruger	A02	27715086887
4 Des	Elana	Brits	B15	27827821416
	Christine	Strydom	A04	27828722215
	Franco	vd Walt	B11	27824315256

### Dooplidmate

28-Nov	Ruben	Joubert	A01	27747785910
2 Des	Gideon	Smit	B13	27835921434

## ALMANAK 2022

(BOEK)

Is nou by die kerkkantoor  
beskikbaar @ R100

## Alethea Outreach

11:00

Worship Service

Like us on facebook:

<https://www.facebook.com/aletheaministry/>